OPSOMMING

OM NIE DIE BABA MET DIE BADWATER UIT TE GOOI NIE. DIE GEBOORTE EN GROEI VAN `N KRITIESE BYBELLESER

Deur

Helena Claudina van Schalkwyk

Graad : D Litt et Phil
Vak : Bybelkunde
Promotor: Prof E H Scheffler

Die hipotese wat beredeneer word, is dat `n kritiese leesproses tot `n verantwoordelike gebruik van die Bybel lei. Die metafoor van geboorte en groei word outobiografies in die studie gebruik om die aanleer van `n kritiese leesproses te illustreer. Fundamentalisme as toestand *voor die geboorte* dui op `n pre-kritiese lees en verstaan van die Bybel. Die oorgang na `n kritiese lees en verstaan hou vir die leser sekere psigologiese effekte in. In sommige gevalle kan van `n pynlike *geboorteproses* gepraat word. Die *groeiproses* geskied langsaam. Konsepte soos inspirasie, kanon, Skrifgesag, die Bybel as Woord van God word opnuut bekyk in die lig van `n kritiese leesproses. Aspekte wat verreken moet word by enige kritiese lees, word onder oë geneem en kan gesien word as voorgestelde riglyne by die aanleer van die proses: die vreemdheid van die Bybelwêreld, die ontstaansgeskiedenis van die Bybel, die Bybel as literatuur en die kritiese Bybelleser en objektiwiteit. `n Kritiese leesproses hou sekere *implikasies* in vir die tradisionele verstaan van sekere Bybeltemas. Dit word geïllustreer aan die hand van, byvoorbeeld, die verhouding tussen die twee testamente, profesie, menslike denke oor God in die Bybel en die bevrydingsenergie van regverdigmaking deur die geloof. Nuwe insigte laat ook die noodsaaklikheid van kontak met gelowiges binne en buite die Christelike tradisie posvat.

Ten opsigte van die Nuwe Testament en Jesusgebeure, lei `n kritiese lees ook tot nuwe insigte. Historiese Jesus-navorsing word met erns bejeën en verreken in `n poging om nuwe insigte in die Christelike tradisie te reflekteer. Ten slotte word die rol van die kerk in `n kritiese leesproses onder oë geneem. Enkele persoonlike geloofstellings en –opvattings word voorgehou as `n bestekopname van die groeiproses tot op hede. `n Godsbeeld van `n kritiese leser word beredeneer in die lig van kennis van die wetenskap en die voorlopigheid van menslike kennis oor God. Dat die baba nie met die badwater uitgegooi is nie, impliseer dat `n kritiese leser se Godsgeloof nie in die slag hoef te bly nie. Inteendeel, dit kan lei tot `n verrykende geestelike ervaring.